STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NUUSBRIEF
IPHEPHANDABA
NEWSLETTER

UITGAWE 30 - 2017 • EDITION 30 - 2017

Van die Burgemeester
From the Mayor

Liewe Inwoners,

Wat 'n plesier en bederf om in hierdie laatlente-oggende in Victoriastraat af te ry en die groot ou Plataanbome in volle bot te sien! Ek het onlangs deur die hele Stellenbosch-distrik gery om ons munisipale grense te bekyk en dit was ongelooflik om die hele distrik in lentedrag te sien. Ons natuurprag bly ongelooflik.

Vir ons Matrieks is die finale eksamen nou uiteindelik hier. Ek wil graag vir elke Graad 12 leerder wat aan hierdie eksamen gaan deelneem, alle voorspoed toewens. Ek onthou nou nog hoe erg die verantwoordelikheid van hierdie eksamen is. Onthou asseblief, elke bietjie ekstra moeite nou maak 'n verskil en dra by tot 'n wonderlike eindresultaat. Byt vas en volhard. Aan die ouers wil ek ook graag sterkte toewens. Ons weet dit is net so stresvol vir die ouers soos vir die kinders. My diepe waardering en dank gaan ook aan al ons onderwysers wat deur die jaar moeite gedoen het met hul leerders. U werk en moeite is 'n belegging in hul lewens.

Ons studente begin ook eersdaags met hul eksamens. Sterkte vir almal wat skryf. As student het jy 'n voorreg en verantwoordelikheid om die geleentheid wat aan jou gegee is ten volle te benut, want almal is nie so bevoorreg nie.

Jaarlikse Begroting

Ons jaarlikse begroting by die munisipaliteit begin 1 Julie en dus is die tweede semester soos gewoonlik die besigste tyd van die jaar. Uitstekende dienslewering vir al ons inwoners bly ons hoof fokus. Soos u egter teen die teen die tyd weet,

Dear Residents,

What a pleasure it is to drive down Victoria Street in these late spring mornings and to see the Sycamore trees in full bloom. I recently drove through the entire Stellenbosch district to inspect our municipal boundaries and it was incredible to see the entire district in its spring wear. Our natural beauty is incredible.

For our Matrics, the final exams have finally arrived. I want to wish every Grade 12 learner, who will participate in the exams, all the best for the time ahead. I still remember how bad the responsibility of the exams was. Please remember that every bit of effort makes a difference and contributes to a wonderful final result. Persist! I want to extend my best wishes to the parents as well. We know that it is just as stressful for the parents as for the children. My deepest appreciation and thanks to all our teachers that have made every effort with learners throughout the year. Your work and effort are investments in their lives.

Our students are also starting with their exams soon. Best of luck to all the students who are writing. As a student you have a privilege and responsibility to use the opportunity that was given to you to the best of your ability, because not everybody has this privilege.

Annual Budget

Our annual budget at the municipality begins on 1 July and therefore the second semester is the busiest time of year for us. Excellent service delivery to all our residents remains our main focus. As you know by now, water is a crisis and a

Adv. Gesie van Deventer
Uitvoerende Burgemeester / Executive Mayor
021 808 8002
mayor@stellenbosch.gov.za

SPAAR WATER
SAVE WATER

Boorgate
Boreholes
bl/pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

is water krities en 'n uitdaging vir die voorsienbare toekoms. Ten spyte van 'n paar lekker reënbuie, is ons damme tans nie eers 30% vol nie en staar ons 'n lang droë somer in die gesig. Die munisipaliteit het alreeds 'n droogteplan goedgekeur wat sal help om die situasie te bestuur wanneer ons Dag 0 van water bereik. Alle vooruitskattings dui tans daarop dat ons damme sal opdroog teen Maart 2018.

Boorgate

U sou reeds in die plaaslike media gesien het dat ons besig is met die proses om bestaande boorgate te toets en nuwes te sink. Verskeie inwoners was nogal ontsteld toe ons sink en toets. Ek verduidelik dus weer die proses hier.

Die sink en toets van boorgate word deur die nasionale regering en wetgewing bepaal en gereguleer. Die nasionale regulasie vir die ontwikkeling en bestuur van grondwaterbronne, insluitend boorgate, vereis dat 'n nuwe boorgat getoets word om toekomstige gebruik te bepaal, of die ondergrondse watervlak daal of nie en om dit dan te registreer. Hierdie toets behels dat die boorgat vir 'n tydperk van 72 uur, teen 'n voorafbepaalde tempo van 15 liter per sekonde, aaneenlopend, gepomp moet word. Die water wat uit die gat gepomp word is nie geskik vir menslike gebruik nie. Die munisipaliteit laat dus die water in die stormwaterstelsel afloop, waar dit in die naaste rivier uitvloei en dan deur die boere laer af langs die rivier gebruik kan word. Dit is ongelukkig nie koste-effektief om die water te probeer opvang en suiwer nie, want dis net 'n tydelike bron.

Volgens wet moet die boorgate gemeter word en moet die resultate gereeld aan die Departement van Waterwese gestuur word. Die munisipaliteit sal metertyd ook vir die gebruik van die water moet betaal.

Boorgate is ongelukkig nie 'n langtermyn volhoubare oplossing nie en te veel mense sink nou boorgate, maar ons moet dit nou doen om ons hulpbronne aan te vul vir wanneer die damme opdroog. Daar word dus gekyk na kort-, medium- en langtermyn beplanning om die huidige sowel as langtermyn behoeftes te bepaal om water teen die goedkoopste moontlike manier te verskaf.

Omdat daar tans verwag word dat al die groot damme droog sal wees teen Maart 2018, poog om 'n werkbare minimum alternatiewe in plek te hê teen Desember 2017. U moet asseblief verstaan dis is nie 'n geval van OF die water gaan opdroog nie, maar wanneer. Elke druppel tel nou en ons moet aanhou werk om water te spaar waar moontlik.

Belastingbetalersvereniging

Die afgelope tyd het ek die geleentheid gehad om by verskeie belastingbetalersverenigings se vergaderings ons inwoners toe te spreek. Die vraag wat almal vra is: Hoe lyk ons toekoms? Ek bly optimisties en realisties oor wat vir ons voorlê. Ek bly gefokus om seker te maak ons basiese dienslewering is van die beste in die land. Dit loop hand aan hand met die opgradering van ons infrastruktuur soos paaie en rioolaanlegte en om dan so ook geleenthede te skep vir ekonomiese ontwikkeling. Ons gee ook ernstige aandag om ons informele nedersettings op te gradeer en dienste te installeer. Dit sal nie net die inwoners wat daar woon bevoordeel nie, maar sal tot die voordeel van ons hele area strek.

challenge for the foreseeable future. Our dams are not even at 30% capacity despite several good rain falls and we are facing a long dry summer. The municipality has already approved a drought plan that will help to manage the situation when we reach Day 0. All projections indicate that the dams will run dry by March 2018.

Boreholes

You would have seen in the local media that we are busy with process of testing existing boreholes and drilling new ones. Various residents were very upset when we drilled and tested. I want to explain the process here.

The drilling and testing of boreholes are determined and regulated by national government. The national regulation for the development and management of ground water resources, including boreholes, requires that a new borehole be tested to determine future use, if the underground water levels will go down or not and to then register it. These tests require a borehole be pumped for 72 hours at a predetermined rate of 15 litres per second. The water being pumped is not suitable for human consumption. The municipality therefore lets the water run into the storm water system where it flows to the nearest river and can then be used by farmers downstream for irrigation. It is unfortunately not cost effective to try and catch and purify the water, because it is only a temporary source.

According to law, all boreholes must be metered and the results must regularly be sent to the Department of Water. The municipality must also pay for meter time of the water. Boreholes are unfortunately not a long-term sustainable solution, and too many people now are drilling boreholes, but we must do it now to supplement our resources for when the dams dry up. We are now looking at short, medium and long term plans to determine the current as well as long-term needs to provide water at the cheapest rates possible.

Because we expect all the big dams to be dried up by March 2018, we are working to have the workable minimum alternatives in place by December 2017. You must please understand that it is not a case of IF the water will run out, but when. Every drop matters now and we must continue to work to save water wherever possible.

Rate Payers Association

I recently had the opportunity to address various rate payers associations. The question everyone asks is: What does our future look like? I remain optimistic and realistic about what lies ahead. I remain focused on ensuring that our basic service delivery is the best in the country. It goes hand in hand with the upgrading of our infrastructure like roads and sewerage works and in this way creates economic development. We are also giving serious attention to the upgrade and installation of services in informal settlements. It will not only benefit the residents living in the settlements but will benefit the entire region.

Veiligheid

Veiligheid bly deel van ons fokus en die gereelde operasies wat deur die Stellenbosch Veiligheidsinisiatief-rolspelers uitgevoer word saam met SAPS, maak 'n merkbare verskil in al ons dorpe. Die gereelde terugvoer wat ek ontvang is bemoedigend.

Verkeer

Ek het reeds in 'n vorige nuusbrief genoem dat ons besig is met die opgradering van sekere kruisings om te help met die verkeersdruk in ons area. Die werk het reeds begin aan die betrokke sypaadjies en werk aan die padoppervlakte sal binnekort begin. Die kruisings betrokke is die R44/Merrimanlaan, R44/Birdstraat/ Koelenhofpad en Helshoogtepad/Leliestraat. Hierdie werk gaan addisionele afdraaibane voorsien en ook nuwe verkeersligte op sommige plekke. Wanneer daar aan die padoppervlak gewerk word, lei dit ongelukkig tot vertragings. Wees tog maar geduldig en reken asseblief ekstra reistyd in. Wanneer hierdie werk voltooi is, sal dit tot voordeel wees vir ons almal.

Meulstroom

U het seker in die media gelees van die Meulstroom grondkwessie. Die kwessie is 'n uiters kompleks historiese en feitlike situasie. Die rolspelers in die saak se situasies is uiteenlopend en elke saak is uniek en moet op sy eie meriete beoordeel word. Hierdie situasie het ontstaan deurdat daar op verskeie maniere in die verlede oorskrydings toegestaan is deur die munisipaliteit en/of die Universiteit van Stellenbosch.

Dit is dus noodsaaklik dat elke saak individueel ondersoek, oorweeg en volgens meriete beoordeel word. Na 'n vergadering met al die rolspelers op 20 September 2017, is daar nou ooreengekom op 'n prosesplan sodat alle rolspelers na die tafel kan kom en die geleentheid kry om die inligting waaroor hy/sy beskik, beskikbaar te maak vir oorweging. Dit is 'n interessante en ingewikkelde regskwessie. Die munisipaliteit sal nou voortgaan met die navorsing oor, inspeksie en beoordeling van elke geval.

My wens is dat die saak wedersyds opgelos kan word in die beste belang van die gemeenskap, met inagneming van die regte van die oewereienaars. Ek is baie tevrede met die verloop van die vergadering en die samewerking van die rolspelers.

Kleine Libertas

Die kwessie van die afgebrande Kleine Libertas teater is ook tans op die tafel. Die aangeleentheid is nou oop vir openbare deelname en soos wetgewing bepaal, kry u as inwoner nou die geleentheid om insette te gee oor wat met die eiendom moet gebeur. Hou asseblief die media asook die munisipale webblad dop vir inligting en gebruik die geleentheid om u stem te laat tel. Nadat die proses afgehandel is, sal die Raad hieroor moet besin.

Safety

Safety remains part of the focus and joint operations with the Stellenbosch Safety Initiative stakeholders executed with the assistance of SAPS, is making a real change in our towns. The regular feedback I receive in this regard is encouraging.

Traffic

I have mentioned in a previous newsletter that we are busy with the upgrading of several intersections to help with the traffic congestion. The work has already started on the affected sidewalks and work on the road surfaces will begin soon. The intersections involved include R44/Merriman Avenue, R44/ Bird Street/ Koelenhof Road and Helshoogte Road/Lily Street. The upgrades will result in additional turn lanes as well as new traffic lights in strategic areas. When the works on the road surfaces begin, it will result in delays. Please be patient and take this into account when planning your journey. When this work has been completed, it will be to the advantage of all.

Mill Stream

You have probably read about the Mill Stream land issue in the local media. It is an extremely complex historical and factional situation. The situation of every role player in this case differs and every case is unique and must be dealt with on its own merits. This situation came to be due to the fact that in the past encroachments were permitted by the Municipality and/or the University of Stellenbosch.

It is critically important that every case be investigated individually, considered and judged on merit. After a meeting with all the role players on 20 September 2017, we have now come up with a process plan so that all role players can come to the table and present the information that he/she has for consideration. It is an interesting and complicated legal issue. The municipality will now continue to research the issue and inspect and judge every case.

My wish is that every case is resolved amicably and in the best interest of the community, with the consideration of the rights of the riverbank owners. I am satisfied with the meeting we had and the cooperation of the role players.

Kleine Libertas

The issue of the burned down Kleine Libertas theatre is also on the table. The matter is now open for public participation as determined by law and as resident you now have the opportunity to give inputs about what should happen with this property. Please keep a look out on the municipal website as well as the local media for information and use the opportunity to make your voice heard. When the process is completed, the Council will have to reflect on the matter.

Parkeerprobleem

Ek is baie opgewonde dat daar ook 'n begin gemaak is om die parkeerprobleem in die breër Stellenbosch aan te spreek. Die Raad het in September 'n Seksie 78 proses van stapel gestuur wat 'n ondersoekende proses is en ook openbare deelname insluit. Wees op die uitkyk hiervoor. U insette is vir ons baie belangrik, want verskeie modelle soos nuwe parkeergarages, parkeer-en-ry en motorlose gebiede is moontlikhede.

Borskankermaand

Oktober is Borskankermaand en as 'n vrou wil ek alle vroue vra om gereeld selfondersoek te doen en mediese advies te kry, veral indien u vermoed dat iets verkeerd is. Borskanker raak nie net vrouens nie, maar ook mans en ek wil graag hê dat mans ook bewus wees daarvan dat hulle ook kwesbaar is vir die siekte. Dra asseblief u pienk strikkies en help so om bewussyn te skep oor die siekte. Vroeë opsporing en behandeling red lewens!

Kersmarkte

Met Kersfees wat nader kom, begin daar nou reeds verskeie Kersmarkte in Oktober. Ek kan nie wag nie en u sal my beslis regoor ons kontrei gewaar by hierdie markte waar ek rondsnuffel so ook ons plaaslike ekonomie te ondersteun. Markte is uiters belangrike werkskeppers vir baie informele besighede en het u ondersteuning nodig!

Wyksbesoeke

Ek besoek tans steeds ons verskeie wyke om dienslewering te monitor en was onlangs in wyk 11,13,16,17,18 en 7. Alhoewel daar steeds uitdagings is wat aangespreek moet word, is ek tevrede dat ons vorder om kwaliteit-dienste te lewer.

As u my sien kom groet gerus!

Groete,
Burgemeester Gesie

Traffic Problem

I am very excited that we have made a start on addressing the parking problem in the greater Stellenbosch. The Council has launched a Section 78 process in September. This is an investigative process that will include a public participation component. Be on the lookout for this. Your inputs are important because various models are considered including parking garages, park-and-ride and motor free zones.

Breast Cancer Month

October is Breast Cancer Month and as a woman I want to encourage women to do regular self-checks and to get medical advice in case you think something might be wrong. Breast Cancer does not only affect women, but men as well and I want men to be aware that they are also vulnerable to this disease. Please wear your pink ribbon and help to create awareness about this disease. Early detection and treatment saves lives!

Christmas Markets

With Christmas fast approaching, various Christmas markets kick off in October. I cannot wait and you will definitely see me out and about in the area at these markets where I shop and support the local economy. Markets are very important for job creation in the informal sector and it needs your support!

Ward Visits

I continue to visit various wards to monitor service delivery and recently visited wards 11,13,16,17,18 and 7. Although there are still challenges that need to be address, I am satisfied that we are making progress in delivering quality services.

When you see me in the area, please come and say hello!

Regards,
Mayor Gesie

VLAK 4B WATERBEPERKINGS

SLEGS 87L water gebruik per persoon per dag

Rapporteer alle wateroortredings by 021 808 8215 / 021 808 8953 of water.restrictions@stellenbosch.gov.za

LEVEL 4B WATER RESTRICTIONS

ONLY 87L water usage per person per day

Report all water transgressions to 021 808 8215 / 021 808 8953 or water.restrictions@stellenbosch.gov.za